2 TIMOTEUS 4:7-8 NGK MIEDERPARK 19/7/09

TEMA: DIE WEDLOOP VAN DIE LEWE Ds Okkie Cilliers

1. Wie beïndruk jy?

Op die oog af is die vraag baie onskuldig, want die meeste van ons doen ons eie dinge en dink dat ons niemand moet beïndruk nie. Tog is dit nie so eenvoudig nie. Want die lewe is een groot kompetisie waar jy jou plek onder die son moet uitbaklei. En as jy 'n plekkie uitgekerf het, moet jy net so hard baklei om dit te behou. Mense gee ook nie regtig vir mekaar om nie. Ja, ons is bekommerd oor die verloop van die lewe maar ons is baie verlig as die dinge met ander mense gebeur en nie met ons nie en as ons slegte goed gespaar word. Ons is jammer vir ander, as daar een uitval is dit tragies, maar vir ons moet die lewe voortgaan.

Die lewe is 'n harde en wrede plek en niemand is dit gespaar nie. Alleen sal niemand dit in hierdie wêreld maak nie – eenvoudig omdat ons as mense op mekaar aangewese is en mekaar nodig het. Daarom moet ons mense beïndruk, want ons het ander mense in hierdie oorlewingstryd nodig. As ek weet dat ek goed in 'n ander se oë presteer, weet ek dat ek op sy ondersteuning kan reken – as ek nie goed presteer nie weet ek dat hy my nie vertrou nie en dat ek moeilik op hom sal kan reken. Ja, ek moet hard werk om hom te beïndruk want ek is van hom afhanklik.

Daarom dat ons baie dinge in die lewe doen. Weinig van daardie dinge is nie daarop gerig om my posisie in hierdie wedloop van die lewe te verbeter nie. Daar is 'n "**sodat**" klousule by al die dinge van die lewe gevoeg: ek werk sodat ek beter vir my familie kan sorg; … ek studeer sodat ek 'n beter werk kan kry sodat ek beter vir my familie kan sorg;… ek behoort aan 'n mediese fonds sodat daar nie probleme kan wees as iemand in my gesin siek word nie;… ek spaar in 'n annuïteitsfonds sodat ek eendag in rus en vrede kan aftree;… die kinders moet in 'n bepaalde skool studeer sodat dinge vorentoe vir hulle kan uitwerk;… ek werk oortyd sodat ek in aanmerking kan kom vir die volgende bevordering…

Uiteraard is dit 'n gesonde ding, want die Here het vir ons verantwoordelikheid gegee vir baie dinge wat ons moet doen en ons moet dit so goed doen as wat ons kan. Ons as kinders van die Here het 'n getuienis om dinge so goed te doen dat die Here sy eer daardeur kan ontvang. Ons mag nie lui en ambisieloos deur die lewe gaan nie. Dis net so belangrik dat jy ook erkenning moet kry vir harde werk wat jy gedoen het en dinge wat goed afgeloop het.

Maar hierdie dinge het ook 'n ander donker kant: die lewe raak aangeplak. Ons probeer mense beïndruk sodat dit *om ons eer gaan*. Teoreties hou ons wel daaraan vas dat dit om die eer van die Here gaan, maar dinge word gedoen omdat dit vir ons lekker is en voordele inhou– as iemand jou 'n klop op die skouer kan gee en jou gelukwens met jou prestasies blom jy want jy weet jy is raakgesien! Ons raak soos die Bybelse Fariseers: tiendes van onbenullige dinge word met keur uitgesoek en uitgestal

sodat ONS kan beïndruk. Ons moet wys wat ons talente is, ons moet praat oor wat ons goed gedoen het, ander moet kennis neem van hoe goed ons dinge beplan en met watter deugde dit afgehandel is…

Ons oefen om fiks te word vir die wedlope van die lewe – maar ons oefen so hard om fikser as ander te word dat die meeste mense nie verder kom as om erkenning te kry dat hulle fiks is nie. Hulle hardloop nie regtig die wedloop nie, want hulle het reeds gekry waarna hulle soek. Dis die dat Paulus skryf dat hy met versigtigheid en oorgawe aan die wedloop van die lewe deelgeneem het. Daar is wonderlike dinge wat wonderlike eindresultate kan lewer. Maar op die einde moet jy gaan kyk of dit nie dalk iets is waarmee jy jou tyd gemors het nie.

2. Is al hierdie kompetisie nodig?

Nee. Want ons het die lewe geweldig gekompliseerd gemaak. Tog wil ons dit nie los nie. Ek onthou toe ek 'n student was en met die Here geworstel het oor 'n bepaalde sonde in my lewe. Ek het toe by die Here die belofte ontvang dat Hy my kragtig in sy kerk gaan gebruik. Ek het geweet dat ek my lewe moet regmaak en skoon hou, anders gaan van daardie belofte net dadels kom. Daardie belofte het by my gebly waar ek gegaan het en wat ek gedoen het. Ek het gedroom oor die dag wat die Here dit waar in my lewe gaan maak – ek het gewag vir die groot dinge wat gaan gebeur. Maar weinig het gebeur. Ek het verwag dat dat groot en belangrike dinge sou gebeur, en al wat na my kant toe gekom het was klein dingetjies wat vir my onbenullig was. Ek het my ideale gehad van die kerk waar die Here my sou gebruik het en waar belangrike sou gebeur. Dit het nie gebeur nie. Toe het ek begin kompeteer – met myself en ander mense. Want ek het gedink dat ek myself moes bewys en dan sal al die drome waar kom. (Dit het tragiese gevolge gehad, want ek was nooit tevrede nie – ek moes altyd groter en beter en die erkenning moes elke keer groter wees.) Ek moes op die harde manier leer dat die "groot dinge" waarvoor die Here my geroep het donkiewerk is, dinge waaroor ek glad nie gedroom het nie. Later moes ek ontdek dat die Here my seën in my bediening op ander maniere as dit wat ek in gedagte gehad het.

Al die kompetisie was nie nodig nie.

Ek weet ook dat ek nie die uitsondering is nie. Ek wonder hoeveel van die dinge wat vandag in die kerk en elders gedoen word, daar is omdat ons met ander kompeteer? Want as die werk klaar gedoen is en die gelukwensinge met die suksesverhale kom in, wonder ek hoeveel van dit wat gedoen is, ewigheidswaarde het?! Ons werk ons disnis, maak afsprake, sien mense, spreek skares toe, werk finansies uit… Orals is daar die skares mense wat besig is, en elkeen in die skare dink dat hy belangrik is, dat niemand anders dit so goed soos hy kan doen nie.Ja, wonderlike dinge vloei ook hieruit voort. Maar wat is ons dryfveer? Is die selftrots en is die *jaloerse drang om te kompeteer* nie dalk groter as wat ons wil voorgee dit is nie?

Die kompetisie is natuurlik nie net in wat ons doen nie. Ons vergelyk ons te dikwels ook met *dit wat ander doen*. En dit word ‘n aaklige probleem. Want as ek nie hou van wat hy bereik het nie omdat hy beter kompeteer het, of as hy ‘n hoër standaard as ek bereik het, raak ons ongelukkig. Dan begin ons kritiek uitspreek (gewoonlik agteraf) en soek baie redes hoekom ons nie van dinge hou nie. Gewoonlik is dit iets in die lyn van “hy soek ook net die erkenning van mense…” of: “dis nie hoe ek groot geword het nie…” of: “ek voel anders oor ‘n saak…” of: “ as dit ek was, sou ek dit anders gedoen het…” So word die bittergal gebraak oor die mooi van ‘n ander. Dan word die een wat die sukses behaal het geïgnoreer en ook verkleineer.

Mense dink regtig dat hulle en hul standpunte beter gaan lyk as hulle ‘n ander een kan ignoreer, kritiseer en hul mening moet uitspreek oor hoe die dinge eintlik gedoen moes word.

Kompetisie is gesond, solank dit daarop gerig is om die Here se wedloop te hardloop. Die oomblik as dit net draai rondom een persoon se eer en ego, is dit ‘n vlam wat in die hel aangesteek word. Dit het al tot die val van menige held gely. Die probleem is dat baie helde nie eens agterkom dat hulle besig is om hul eie eggo te streel nie. *Sulke helde sit die kerk vol.*

3. Wat gee aan jou vreugde?

Die vraag is ontmaskerend. Want nou moet jy kyk waarmee jy besig is en hoe die hardloopstokkie van die lewe in jou hande lyk en nie waarmee ‘n ander persoon homself besig hou nie. Dinge moet gedoen word omdat dit vir my en die Here vreugde gee en nie omdat dit my “beeld” by mense bou nie! Ja, dit waarmee ek myself besig hou moet vreugde aan die Here gee – en dit spreek vanself dat wat vir God mooi is, ook in my eie hart weerklank sal vind. Die vraag is nie of dit wat ek doen vir myself en my reputasie iets gaan beteken nie, maar of die Here daarin vreugde vind?!

As God nie daarin vreugde vind nie, gaan dit aan die einde van die tyd nie die toets deurstaan nie. Dan het al die geld wat daarop spandeer is, die beplanning wat daarin gesteek is en die moeite wat gedoen is soos die spreekwoordelike water van die eend se rug afgerol. ‘n Klomp mense mag vir ‘n ruk baie goed en tevrede gevoel het toe dit gedoen is, maar die toets lê daarin of dit standhoudend is?! *Ek reken die toets van dinge wat voor die Here gedoen word, is eenvoudig: as jy jouself vandag ontrek van dit waarmee jy besig is, sal dit kan voortgaan sonder jou?* Want as jy die dryfveer daarvan is en jy moet die beplanning doen, dit uitvoer en in stand hou, is die kans baie groot dat dit waarmee jy besig is mensewerk is – dis mooi en vroom, maar verander dit mense se lewens; bou dit jou huweliksmaat op; sal dit jou kinders die ewigheid invat…? Is jou vreugde God se vreugde? Is die wedloop waarin jy hardloop die een wat God aan jou gegee het om te hardloop? Paulus sê dat hy die wedloop van die Here gehardloop het en dat hy tot die einde die stokkie behou het: "Kyk, ek het dit reg gekry. Somtyds was dit swaar, maar ek het vas gebyt en klaar gemaak - die Here is trots op my!"

Anders staan ons aan die einde van die tyd met leë hande. Want ons het gewerk – hard en deeglik, maar die resultate was nie daar nie. Miskien is daar ‘n stuk werksbevrediging en applous deur die mense wat dit saam met jou aanskou het. Maar later is daar net die groot “leeg”wat agterbly. En dadelik moet daar weer aan iets anders gewerk word om die lewe aan die gang te hou en iets tot stand

gebring kan word waaroor ons kan praat. Daar word nog ‘n wedloop in die lewe beplan, ‘n wedloop wat beter en groter as die vorige een moet wees sodat die resultate groter kan wees. Dis soos die Comrades wedloop: ‘n geweldige klomp voorbereiding en dissipline word daarin gesit. Dis ‘n dag wat met vrees afgewag word en met wonderlike ekstase afgehandel word. En as alles verby is, wonder jy of alles die moeite werd was? Wat kan jy regtig daarvoor wys? Dan begin alles weer van voor af – dieselfde dissipline en moeite word weer ingesit om dit weer te doen, net om weer die pyn en ekstase te beleef…

Wat gee jou vreugde?

Ons weet wat die antwoorde is, maar ek vermoed dat ons dit vergeet het en nie daaroor wil praat nie! Want ons soek die vreugdes van die lewe in die groot dinge waar ander ons kan raaksien en waar ons kan kompeteer, terwyl die vreugde van die Here gevind word in die **basiese dinge** wat die Here aan ons gegee het. ‘n Paar voorbeelde:

As *jou gesin* nie vreugde vind met dit waarmee jy besig is nie, moet jy onmiddelik stop en gaan seker maak of jy God se wedloop hardloop. Want ons werk ons morsdood sodat ons kan kompeteer en professioneel kan oorkom, terwyl die liefdesmense wat die Here aan ons gegee het gruwelik afgeskeep word. *Jou gesin is al wat jy in hierdie wedloop saam met jou hemel toe kan neem!* En as jy nie seker is dat jy besig is om saam met hulle te hardloop nie het jy vir die verkeerde wedloop ingeskryf! Kanselleer dit dadelik en gaan soek die regte wedloop waar jy die regte mense saam met God vreugde kan gee.

As jy besig is met dinge *sonder dat jy God se Woord gehoor het en met die Here gepraat het* in gebed, is jy ook in die verkeerde wedloop! Dis juis hier waar baie mense (die meeste?!) hulle koppe moet laat sak. Want *hulle is te besig* om te soek en te hoor. Ja, hulle werk/beplan hard aan die wedlope en so in die verbygaan bid hulle en vra die Here se seën. Hulle sê ook graag dat hulle die Here se wil wil doen. Maar hulle is so haastig om fiks te word vir wedlope soos hulle rondhardloop, dat hulle NOOIT die Here se stem sal hoor nie. Want God *praat nie met mense wat gejaagd kompeteer nie.* Dis die gejaagdes wat foute maak, verkeerde keuses maak en op verkeerde plekke uitkom omdat hulle moeg en verward is. Mense wat stil geword het en gaan soek het na God se vreugde- dinge sal Sy stem hoor (Jes 30:15,18,21).

- As jy nie stil geword het in jou STILTETYD nie, gaan jou baie rondhardloop jou duur te staan kom. Want jy loop agter jou eie neus aan (en dis fataal want jou neus stink!). Net mense wat aan die openbaringe van die Here vashou, is die mense wat die wil van die Here ken. Dit kom net waar jy met die Here worstel in die Boek van die Lewe en op jou knieë! Jy moet seker maak of jy besig is om vreugde aan die Here te gee.

Wat het jy bereik met die wedloop van die lewe? Wat kan jy vandag wys as trofee? Of is jy maar net besig met baie dinge en het jy baie bereik sonder dat dit God vreugde gee?!

In hierdie wedloop moet ons dade van God se vreugde praat. Ons moenie DINK dat dit van God praat nie – elke ding wat ons doen moet in die tyd bewys dat God lewe! Kyk ons na Jesus van Nasaret sien ons niks anders daar nie as dat Hy ***DOEN***: Hy gee die hongeriges kos, red

mense uit 'n seestorm, vergewe 'n vrou wat op owerspel betrap word, genees 'n Romeinse offisier se bediende… Altyd is Jesus aan die werk en doen. Deur alles wat Hy doen sê Hy dit: so lyk God! Later gee Hy aan sy dissipels dieselfde opdrag: wees barmhartig; woeker met jou talente, klee die naaktes… Doen dinge wat standhou en wat God vreugde gee.

God doen dinge. Ons moet God se dinge doen en minder met foefies werk. Mens sou nie juis kon sê dat ons kerklike woorde min is nie: ons hoor 1000de preke, lees 10-talle boeke en kyk na 100de dinge. Maar is ons besig om God se wedloop te verander? As jy daar was, sien mense meer geregtigheid op aarde? Sien hulle dat ons mekaar en vir hulle liefhet? As hulle niks sien nie, gee ons God nie vreugde nie en die mense sal bly vra waar God is en hulle sal skepties bly oor God se bestaan. En dan gaan dit nie dat ons maar nog kerkgeboue ("praathuise" soos Luther dit genoem het!) oprig nie, ook nie dat ons ons hande afwerk om nog beter lokale of 'n hoër toring te bou nie, ook nie of ons inkomste verbeter nie, maar of ons besig is om God se wedloop te hardloop.

Jy **is besig** met die wedloop van die lewe. Jy is nie besig om te oefen sodat jy dit eendag kan hardloop nie – jy is reeds daarin. Jy gaan nie die lewe oor hê nie en daar is nie iewers nog 'n ander wedloop waarvoor jy kan voorberei nie. Ek lees van 'n sekere Sarah wat in haar vroeë 20-erjare met 'n ambisieuse dokter getroud is. Na 4 jaar het sy agtergekom dat sy nie kon byhou nie en met die hulp van haar ouers het sy haar goedjies gevat en geloop. In haar ouerhuis het sy gou vermoed dat sy te vinnig en te drasties opgetree het. Sy het daaraan gedink om terug te gaan maar omdat sy bang was dat sy summier die deur gewys sou word, het sy gebly. Sy het as boekhouer gewerk en haar dogtertjie alleen grootgemaak. 9 Jaar later ontmoet sy Mack, 'n aantreklike jong wewenaar en bestuurder van 'n vulstasie –'n wellewende man maar nie 'n intellektuele reus nie. Sy is met hom getroud en op 37 nog 'n dogter in die lewe gebring.

Einde van die storie? Lank en gelukkig saamgelewe? Nee. Sarah is nou 60 en voel dat die lewe haar 'n gemene streep getrek het. Soggens loer sy oor die ontbyttafel na die ongeskeerde Mack met sy ghries-vingernaels en dink: "hy is 'n doodgoeie man maar nie 'n gentleman se voet nie. Ek moes my eerste man nooit verlaat het nie, dan was ek nou die vrou van 'n gerespekteerde arts. As ek my lewe oor sou hê, sou ek nie so 'n blaps gemaak het nie…"

Sy droom haar bitter drome waar sy 40 jaar van alles in die niet wil laat verdwyn. Sy het raad gaan vra en die raad was dat dit nooit te laat is om weg te breek en op jou eie voete te staan nie… Wat eintlik patetiese raad is. Want die kans is 100% dat sy weer dieselfde foute sou maak. Want sy het nie haar werklike probleem aangespreek nie: om nie die mense om haar al die skuld te gee nie maar op 60 behoorlike bestekopname van haar persoonlikheid te maak en aan al haar houdinge en irritasies te skaaf. Iemand behoort ook aan haar te sê dat geld, status en agting-wat-ander-aan-jou-moet-gee geen waarborg is dat die 2de lewe beter as die eerste gaan wees nie. (Ek het in die huise van rykes baie meer ellendes gesien as by die armes!) Want die kuns om positief te lewe in God se lewe het met 'n groot salaris, duur Duitse motor of 'n titel niks uit te waai as jy dit bloot wil hê om 'n swak selfbeeld te stut nie.

Hou op droom oor 'n ander lewe se wedloop. Hou op om die lewe bitter en in kompetisie met ander te leef. Soek die vreugde van die lewe in die dinge wat God vreugde verskaf. Waarmee

is jy vandag besig? Hoe gaan dit met die wedloop van die lewe? Want dis weer tyd vir bestekopname van alles:

- Jesus het gekom en gesê dat Hy die LEWE is (Joh 14:6).

- Waar jy foute gemaak het en die lewe buite Hom gaan soek het, gryp Hom vandag vas en begin weer leef. Want Hy het gekom om die onbetaalde rekening van jou sondes finaal te betaal en jou vry te maak (Kol 2:13-14). Bely daardie dinge en breek dan finaal daarmee.

- Waar jy vandag bang is om te leef en ander blameer vir dinge wat na jou mening nie reg is nie: sien weer die lewe raak en los ander se probeerslae om te leef aan hulself oor. Hulle is voor die Here daarvoor verantwoordelik. Moenie dat hulle die gang van jou lewensvreugde versteur nie. Spreek hulle vry en leef die kwaliteit lewe waarvan Joh 10:10 praat.

- Moenie jouself met ander mense vergelyk nie. Doen wat vir jou vreugde gee saam met die mense wat die Here vir jou gegee het. Leef die lewe met oorgawe!

- Kyk na die vrugte van die Gees in Gal 5:22.

Dalk is daar te min tyd vir jou oor. Dalk is daar nog baie. Maar jy hoef nie die lewe oor te wens nie. Hardloop die wedloop met volharding (1 Kor 9:26). Amen.